

# ORANJERIVIERKOLONIE

D.A. van der Bank

Die beplanning van die uitstalling van ampsvoorwerpe van die Oranjerivierkolonie in die Nasionale Museum het heelwat interessantheide aan die lig gebring.

'n Amptelike wapen is in 1904 aan die Oranjerivierkolonie toegeken, waarvan die heraldiese beskrywing soos volg lui: "In silwer 'n staande springbok op 'n grond, albei van natuurlike kleur; op 'n blou skildhoof, die Rykskröon, ook van natuurlike kleur". (Die woorde "in silwer" dui aan dat die agtergrondkleur van die skild silwer (wit) is). Dit is die eerste keer dat 'n springbok as heraldiese simbool in Suid-Afrika gebruik is. Een van die ontwerpe wat voorgelê is, was dié van Lockwood Kipling, wat verbonde was aan die Bombay School of Art in Indië, en die vader van die beroemde skrywer en Nobelpryswenner, Rudyard Kipling. Die heraldiese ontwerp bestaan uit 'n boom op die skildveld, en op die skildhoof 'n roos (Bloem) tussen golwende lyne wat water (fontein) voorstel. Hierdie ontwerp is egter nie aanvaar nie. In 'n brief aan die goewerneur, lord Milner, skryf die waarnemende luitenant-goewerneur, H.F. Wilson: "[It] appears to unduly restrict the application of the Coat of Arms to the capital itself"

Die middelpunt van die uitstalling is ongetwyfeld die pragtige ampstaf van die Oranjerivierkolonie. Dit is vervaardig van sterling silwer en oorgetrek met 22 karaat goud. Op die ampstaf en die swart roede is die merke waar dit middeldeer gesaag is, duidelik te sien. Dit was die handewerk van die berugte misdadiger William Henry Bell, beter bekend as "Beauty Bell". Dié bynaam het hy, volgens sy eie getuienis, gekry omdat hy as kind aan 'n skoonheidskompetisie deelgeneem het. Bell, wat kort tevore uit die Pretoriase gestig ontsnap het, het 'n agterdeur van die museum met 'n looper oopgesluit, die glaskaste stukkend geslaan en die ampstaf, swart roede en 'n diamantborsspeld wat aan Emily Hobhouse behoort het, gesteel. Dit het op Donderdagaand, 11 Oktober 1928 plaasgevind en die diefstal is die volgende oggend om elfuur ontdek nadat 'n

besoeker die museumassistent, William Plows, se aandag op die stukkende uitstalkaste gevestig het. In die loop van die oggend is Bell in die Central Hotel op Kroonstad deur speurdersersant Ingram in hegtenis geneem.

*The Friend* het Bell beskryf as 'n goedgeklede en netjiese man van ongeveer 65 jaar met 'n grys snor en kenbaardjie. In die daaropvolgende verhoor het Bell, wat die volgepakte hofsaaal vermaak het met sy gevathede, skuldig gepleit. Hy wou die gesteelde voorwerpe op Kroonstad begrawe en dit gebruik om die Minister van Justisie te oorreed om te onderhandel vir die tersydestel van sy lewenslange vonnis.

Om te verhoed dat dieselfde lot die huidige uitstalling in die Nasionale Museum tref, is daar, benewens die bestaande alarmstelsel, ook nog 'n gesofistikeerde alarmstelsel in die uitstalkas geïnstalleer.

Wat die vlag of vlae van die Oranjerivierkolonie betref, kon geen vlag of amptelike afbeelding daarvan opgespoor word nie. Volgens die staatsheraldikus was dit standaard gebruik dat die goewerneur van 'n kolonie die Union Jack, met die betrokke kolonie se wapen op 'n wit skyf in die middel van die vlag, gebruik het. Britse kolonies het ook oor die algemeen hul eie vlae gehad, gebaseer op die Britse handelsvlootvlag, die Red Ensign, met die wapen van die betrokke kolonie op 'n skyf in die middel van die uitwaaiende gedeelte. Hierdie inligting is deur dr. Cor Pama, 'n gesaghebbende op die gebied van heraldiek, bevestig.

Indien enige van ons lesers miskien al een van hierdie vlae gesien het of bewus is van die bestaan van die vlae, sal dit besonder waardeer word as hulle met die skrywer hiervan in verbinding sal tree.



1



2



4



3



5



6



1. Rudyard Kipling en sy vader John Lockwood Kipling.
2. Parlementêre ampstaf van die Oranjerivierkolonie, met die wapen sigbaar in die paneel regs onder.
3. Een van die ontwerpe wat deur Kipling voorgelê is.
4. Die wapen van die Oranjerivierkolonie.
5. Afbeeldings van die vlae wat moontlik in die Oranjerivierkolonie gebruik is. Bo is die vlag van die goewerneur en onder die koloniale vlag (die uitwaaiende gedeelte is rooi).
6. Volledige uitstalling in Museum.

#### BIBLIOGRAFIE

Buro vir Heraldiek Korrespondensie, 11 11 1985

PAMA C 1965 *Lions & virgins heraklic state symbols, coats-of-arms, flags, seals and other symbols of authority in South Africa, 1487 1962* Cape Town Human & Rousseau

*The Friend*, 13, 15 & 16 Oktober 1928

Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB) C.O. 436-2775/04

## A FIRST FOR PRIMARY SCHOOLS:- NEW SOTHO CASES

Travelling cases for Primary Schools in the Bloemfontein area are meant to introduce pupils to some of the traditional artifacts of the Sotho people. It contains the following articles: a THETHANA, (the fringed skirt worn around the hips by young girls), a MOTLHOTLO (a grass beerstrainer) and MODIANYEWE (the traditional conical grass hat of the Sotho) as well as a little grass mat. A worksheet and crossword puzzle is also included.

Requests for these cases should be made at least two weeks in advance.



---

## FILMSPAN BESOEK MUSEUM



*In Augustus verlede jaar het 'n SAUK-filmspan die Nasionale Museum besoek om tonele in die Straatoneel vir 'n TV-produksie, DIE GESKIEDENIS VAN ONDERWYS IN SUID-AFRIKA VAN VAN RIEBEECK TOT NOU, te verfilm.*

*Van links na regs: Mnre. Alex Heyns, Morné Coetzer, Mev. M. Neethling, dr. F. v.d. Merwe, mev. Rina-Maria Scheepers.*